ALLES

Kan maar sit. Om net na daardie ou lied, *Glo Net*, te luister, ontroer my net. En dan in te kom, en ’n verwelkoming soos daardie te kry, voel jy net om jou plek in te neem. Wel, ek—ek’s bly om die mede-pastoor van die Lewe Tabernakel te wees. Ek hou van daardie woord “Lewe.” Ek het vanmôre daarvan gepraat: “Lewensversekering.” En ek hoop almal het ’n polis, want ons het dit beslis nodig, moet dit hê om seker te wees.

2 Nou, ek veronderstel hulle het aangekondig dat daar ’n doopdiens gaan wees oor ’n klein rukkie, en so sien ons uit na daardie tyd van hierdie doopdiens. En ons gaan probeer om te verdaag net so gou as wat ons kan. Ek . . . ’n bietjie moeg, en ek het vroeg gekom. Billy het my gebel en gesê: “Wil hê jy moet vroeg kom vanaand,” gesê: “hulle ga- . . . wil hê jy moet vroeg verdaag.”

3 Ek het gesê: “Wat is vroeg?” En sedert ek uit tyd uit oorgegaan het na die Ewigheid, wel, het ek nie meer tyd nie. Ek weet net nie wat tyd is nie. Ons meet dit nie meer nie, Jim. Ons los dit net uit.

4 Jim, jy het die bandopnames daaragter, reken ek. Ek neem aan hulle is aangekondig hier van die platvorm af. En ek weet nie hoe mense hulle uithou nie, maar hulle gaan om die wêreld. En hulle is daaragter, honderde verskillende boodskappe van verskillende dele, gebedsrye.

5 En so, hierdie seun hier, sy skoonpa en hulle, daar’s ’n . . . hulle het ’n . . . masjiene wat, die heeltyd werk, amper dag en nag, om hulle te maak. En ons net, hulle verkoop hulle teen so ’n winsgrens, hulle kom net skaars uit, om hulle te verkoop. En so, as julle hulle wil hê, hulle is daar, plus boeke ensovoorts, en tabernakelliteratuur hier. En so is ons . . .

6 Ek ontmoet die heeltyd mense, sê: “Ek, jy weet, ek het ’n sekere bandopname gespeel: ek is gered.” “Ek . . . ” Sekere goed wat ’n seën vir die mense was, en dis hoekom ons hulle laat uitgaan, is omdat hulle iemand seën en iemand help.

7 Nou, ek wil ’n Skrif lees, vanaand, gevind in Romeine 8:32, en ons sal net dadelik begin praat, binne ’n paar minute. 8 . . . Romeine 8:32 lees soos hierdie:

> *Hy wat selfs sy eie Seun nie gespaar het nie, maar Hom vir ons almal oorgegee het, hoe sal Hy nie saam met Hom ons ook alles genadiglik skenk nie?*

Ek het vanmôre gepraat oor versekering, en nou, vanaand, of, oor beleggings, liewer, en vanaand: “Hy Gee Ons Alles.”

Nou, laat ons bid.

8 Nou, Here, ons het hier vergader vir geen ander doel as om met U te praat, van U te sing, vir U te getuig, en U Naam te verheerlik en te eer nie.

9 En ons bid dat U ons vergadering sal seën, dat U groot Teenwoordigheid sal kom, en alles vir ons sal voorsien wat God vereis van ons vanaand.

10 En ons versoek is voor Hom vir 'n nader wandel, meer verlossing, groter ondervindings, genesing van die liggaam, en soveel dinge, Here. U ken hulle almal.

11 En as dit ooit in ons gedagtes opgekom het, wat as ons nie 'n Hemelse Vader gehad het na wie toe ons kon kom nie? Wat as ons nêrens gehad het om onsself uit te stort nie, as ons geen sondeskans gehad het nie, o, watter ellendige mense sou ons wees.

12 Maar ons is so bly, Here, dat ons Een het, wat goedhartig is, en vol liefde, wat Sy seëninge na ons toe stuur. Ons is dankbaar vir hulle, Here. Al druk ons dit nie net reg uit nie, maar U ken ons harte, Here.

13 En ek bid dat ons genade in U oë sal vind, vanaand, in ons sang, in ons aanbidding, in ons preekgesindheid, dat U, vanaand, al ons versoeke aan ons kan voorsien, want ons vra dit in Jesus' Naam. Amen.

14 Nou, môre-oggend, Sondagskool, en môre-aand, die afsluiting van die (ek veronderstel die herlewing?) jubileum. Nie. . . Ek hoop dis nie die afsluiting van die herlewing nie, maar net die afsluiting van hierdie algemene vergadering. En dan hoop ek die herlewing bly aan en aangaan.

15 Nou, as julle vir my julle onverdeelde aandag sal gee, net vir 'n paar oomblikke, en ek sal probeer praat oor 'n onderwerp van *Alles*. En ek onderrig dit min of meer soos 'n Sondagskoolklas, want ek's. . . Julle weet nou al ek's nie 'n prediker nie. So ek moet net die beste doen wat ek kan om die Woord te gebruik. Maar ek doen dit, en gebruik dit net nie, eintik, voordat ek glo, en behoorlik glo, dat ek weet waarvan ek praat, omdat ek ondervind het waarvan ek praat, nie. Jesus het gesê: "Ons weet wat ons glo." Ons het ondervinding.

16 Ek het vanmôre gedink dat die Griekse priestertjie wat saam met ons by die gemeenskapsontbyt was, wat 'n wonderlike karaktertjie, en soort van op soek na 'n diep ondervinding.

17 Ek het nog 'n Griekse priestertjie wat na Christus toe gelei is deur die bandopnames. Sy vader is 'n Grieks ortodokse leraar, hooggeagte man in Griekeland. Hy het hiernatoe gekom om sy opvoeding te voltooi, het een van die bandopnames in die hande gekry. En hy s-. . . eers het hy dit gekritiseer. En toe het hy gekom, en is gedoop, en het die Heilige Gees ontvang.

18 En hy het gesê: "Broer Branham, ek weet jy ken nie Grieks nie, want ek verstaan jy ken nie baie goed Engels nie." Maar gesê: "As enigiemand wat regtig Grieks ken . . ." en hy's 'n Griekse geleerde, gesê: ". . . die aaneenlopendheid van jou praatjie met Griekeland is absoluut volmaak, om die Skrifte bymekaar te voeg." Dis hoekom hy oor gedoop is. Um-hum. Sien? En hy het gesê: "Dis—dis 'n—dis 'n fenomeen. En net in die wete dat jy dit nie ken nie, maar waar jy jou Skrifte bymekaarsit, die aaneenlopendheid van jou Skrifte stem ooreen met die Grieks."

So ek dink ek sal hom laat opkom en hierdie broer 'n rukkie sien. Hy sou 'n baie groot hulp vir hom wees. En nou, bid vir ons.

19 Alles, ons kan nie van alles praat nie, maar alles is ons s'n deur Christus. En as Hy nie Sy eie Seun gespaar het om hierdie vir ons te bring nie, hoeveel te meer sal Hy dit bring as Hy . . . as ons gewillig is om dit te ontvang. Nou, ek kan nie van alles praat nie, maar ek—ek wil van een spesifieke ding praat van al hierdie alles. En ek dink dis 'n belangrike ding. Dis, *kwytgeskeld*. Ek hou van daardie woord, *kwytgeskeld*. Die woord beteken eintlik: "'n bevryding van skuld."

20 En wat 'n ondervinding is dit, vir elkeen wat 'n ondervinding daarvan gehad het, om bevry te word van skuld.

21 Nie om te probeer wegdraai deur een om ander vorm van sielkunde, weg te draai nie; maar kwytgeskeld te word. Dit beteken dis verwyder. Daar's niks meer daarvan nie. Dis vergete. Om weg te draai van enigiets, kan jy weer daarna toe terugdraai. Soos sonde wat eenkeer bedek was. Maar nou's hulle nie bedek nie, hulle is geskei. Hulle is heeltemal weg, in die see van vergetelheid gesit om nooit weer onthou te word nie. Ek hou daarvan.

22 Ek weet grappe is nie reg op die preekstoel nie, en veral nie in 'n Pinkstergemeente nie. Maar om 'n punt te maak, daar is een keer vir my vertel dat 'n jong dame wat 'n vader gehad het wat die heeltyd gehuil en uitgeroep het wanneer hy in die Bybel gelees het van sy sondes wat vergewe is . . . So die jong meisie is getroud, en het na die dorp toe getrek, en het aan 'n—'n formele soort kerk behoort met baie verenigings. En—en die damesvereniging sou by haar huis ontvang word. En sy het gewonder hoe sy haar pappa gaan stil hou gedurende hierdie tyd, want hy het baie emosioneel geraak.

23 So sy het gesê: "Wel, as ek vir hom die Bybel gee, sal hy die heeltyd huil en skree. So daar is net een ding wat ek weet om te doen. Ek sal hom net die *Geografie* gee en hom bo in die solder sit, hom net na die prentjies laat kyk."

24 En omtrent die tyd wat hulle gereed gemaak het om hulle pienk tee te bedien, of wat hulle ook al doen, julle weet, was daar die vreeslikste petalje daarbo, 'n geskree, en gespring, en ge-

rond-rollery, en op-en-af springery, en uitroep van: "Halleluja! Halleluja!"

25 Al die vroue het bang geraak, en hulle het boontoe gehardloop, en sy het die *Geografie* uit sy hand uitgeruk, en gesê: "Pappa, dis nie die Bybel nie. Dis die *Geografie*."

26 Hy het gesê: "Ek weet dit," maar gesê: "nou die dag het ek in die Bybel gelees waar my sondes, wat vergewe is, in die see van vergetelheid gesit is (Sien?), begrawe is in die see. En ek het hier in die *Geografie* gesien waar die see so diep is, dat hulle partymaal nie eers die bodem daarvan kan vind nie." Gesê: "Hulle gaan nog aan en aan."

27 So ek dink dis wat *kwytskelding* beteken, is "heeltemal uitgewis," nie net wegdraai en iets probeer nie, maar dis uitgewis, dis weg. Nie eenkant gesit nie, maar dit is . . . ons het, deur kwytskelding, is ons bevry, nie deur sielkunde nie. Ons is nie bevry deur 'n geloofsbelydenis nie. Ons is nie bevry deur emosie nie. Maar ons is bevry deur die krag van Golgota. Ons is kwytgeskeld, vry. O, wat dit beteken om vry te wees, 'n las van jou skouers af, van jou hart af, 'n vry persoon.

28 Ek het nou die dag 'n ondervindinkie gehad. Ek dink nie ek behoort dit hier te sê nie, maar ek wil dit sê. Ek was nou vir vyf jaar onder 'n groot las gewees, soos julle mense hier daarvan weet, van die federale regering. En hulle het probeer om 'n manier te kry om my te arresteer. In die dienste in hierdie sestien jaar op die veld, het hulle heen-en-weer ondersoek en tjeks gekry wat mense aan my persoonlik uitgemaak het in die dienste, en my naam op gehad het, en ek wat dit endosseer het, dit ingehandig het aan die Tabernakel vir onkostes.

29 En die federale regering inkomstebelasting-invorderaar het gesê dat daardie tjeks myne persoonlik was, maak nie saak wat ek met hulle gedoen het nie, as . . . Soos, 'n broer teken 'n tjek by die venster vir soveel duisend dollar vir 'n oorsese reis. Dan het hy dit geteken, net betaal uit sy stigting aan William Branham; ek het dit geteken, en dit in die Tabernakel se Stigting gesit. Ons het elke tjek gehou, alles, dit teruggebring.

Hy het gesê: "Maar toe jy dit geteken het, was dit joune. Toe het jy dit oorbetaal aan die Tabernakel." Daar's geen manier om dit te weerlê nie. Dis al.

30 So, o, goeiste, oor die kole en heen-en-weer. En hulle het gesê hulle gaan my laat, dat ek hulle met misdadigheid skuld, en met al my dienste, driehonderd-en-*iets* duisend dollar.

31 Ek het gesê: "Ek kan dit afbetaal teen 'n dollar per jaar. Ek hoop ek lewe lank genoeg om dit klaar te maak." En . . . Maar ek het dit verwerp. Ek het gesê: "Ek betaal my belasting. Ek . . . " Maar daar is dit.

Hulle het gesê: "Jy skuld dit ook."

32 Wel, op-en-af, en hulle het jare lank karakter ondersoek. En ek sê hierdie met my Bybel oop, manne wat hier sit wat daar was en dit weet, dat daar nie een sent was wat hulle ooit gekry het wat ek vir myself spandeer het nie: net die Koninkryk van God. Dit is reg.

33 So die prokureur het my nou die dag ingeroep, en hy het gesê: "Broer Branham, die regering is gereed om 'n skikking te bereik," na vyf jaar. Ek het die Ice en Miller in Indianapolis gehad wat Broer Arganbright vir my aanbeveel het. Ek kon nie die sta-. . . volk verlaat nie. Ek was onder die beheer van die regering, 'n federale saak.

En ek het gedink: "Goeiste, wat het ek ooit gedoen?"

En hulle het gesê: "Wel, hierdie is wat jy gedoen het. Jy behoort van beter te geweet het."

34 Was nie bedrog nie, want ek het dit in die kerk inbetaal, net sodra mense 'n tjek sou uitskryf, hulle sou nie weet hoe om dit in 'n stigting te sit nie, hulle het dit net uitgemaak: "William Branham."

35 Wel, wanneer dit uitbetaal word, word daar 'n fotokopie daarvan gemaak. So hulle het elkeen van hulle gehad. Maar hulle het gesien waar ek hulle hier teruggedeponeer het in die Branham Tabernakel in om onkostes te dek, ensovoorts, en vir oorsese dienste. Wel, heen-en-weer. . .

En toe het hy gesê: "Jy—jy kan. . . Hulle wil 'n skikking met jou bereik."

En ek het gesê: "Wel, ek—ek skuld dit nie."

36 Hy het gesê: "Wel, nou hier's wat, Broer Branham." Gesê: "Ek glo jy het nege-en-negentig persent kans as hulle jou voor die hof daag." Gesê dat: "Hulle kan jou nie aankla nie, maar hulle wil jou voor die hof daag om te sê jy skuld dit. En wanneer hulle dit doen, sal hulle omtrent een persent kans hê met wat hulle sê, dat jou naam daarop was, en jy dit endosseer het. Dus, was dit jou eiendom, en jy het dit oorbetaal aan die Tabernakel." Gesê: "Hulle kan 'n saak teen jou kry."

37 En dit is alles gedeponeer, was 'n deposito aan die kerk, ensovoorts, wat ons as 'n nie-winsgewende stigting gebruik het. Heen-en-weer. Broer Gordon Lindsay, hier vanmôre, hy het opgekom en vir my geveg, en—en almal het dit probeer. Maar daar's geen manier om dit te doen nie. Hulle het dit net reg onder gehou.

En hy het gesê: "Hier's een ding, Broer Branham." Toe, toe hy vir my gesê het wat dit sou verg om 'n skikking te bereik, het dit my doodbang gemaak.

En ek het gesê: "Ek kan nie dit doen nie. Daar is geen manier vir my om dit te doen nie.

38 En hy het gesê: "Wel, nou hier is een ding." Gesê: "Ons kan die saak aanvaar, en ons is jou prokureurs. Maar as ons soontoe gaan, en die saak neem, is daar 'n kans dat ons vir hulle kan vertel dat hierdie ongevraagde geskenke was en nie belasbaar was nie. Dan kry jy 'n boedelbelasting. En daar mag dit dit oor nog vier of vyf jaar uitrek."

39 En ek het gesê: "O, goeiste." Ek het gesê: "Ek wil nie dit hê nie. Ek's omtrent . . ." Ek het gesê: "Ek het nooit 'n grys haar gehad toe hierdie ding begin het nie." En ek het gesê: "Net die gedagte om my te probeer beskuldig, soos om 'n skelm of 'n dief te wees . . ." En ek het gesê: "Hoe gebeur dit dat hulle 'n prediker kan neem, wat die Evangelie probeer verkondig, en bewyse het om die geld vir die Koninkryk van God te gebruik het om misdadigers te bekeer, ensovoorts, en hierdie 'n beter plek te maak om te lewe, en julle dit wil laat doen, wanneer die sigaretmaatskappye, en die whisky, met vulgêre televisie en alles, kanker in julle gesit het van rook en alles soos daardie, en dit kan afskryf, daardie advertensie, teen hulle inkomstebelasting vir die regering? Dis net nie regverdig nie." Ek het gesê: "Dis nie regverdig nie. Julle behandel my nie regverdig nie."

Gesê: "Dis die regering se besluit."

En ek het gesê: "God sal die laaste besluit maak. Dit is waar." So ek het gewag.

40 Toe het die—die prokureur gesê: "Hier is wat, Mnr. Branham." Ek ek was so dankbaar daarvoor. Hy het gesê: "Daar is, ons kan nie een ding teen jou naam vind nie. Maar as hulle jou ooit voor die hof daag, en 'n prediker met jou reputasie, sal hulle dit swart smeer oor die volk, as dit voor die hof kom."

"En wat gebeur dan?"

Gesê: "Maak nie saak hoe onskuldig jy bewys word nie, jy sal onder baie mense steeds skuldig wees."

41 Soos daardie kosbare Baptiste broer hieronder nie lank gelede nie, waar 'n vrou gesê het hy het in haar huis ingekom en haar beledig. Julle het daarvan gehoor. Dis hier oorkant iewers in die suide, en omtrent drie jaar gelede, of miskien nie eers so lank gelede nie. En daardie prediker het bewys aan sy gemeente dat hy honderd-en-vyftig myl ver weg was vir dae voor dit, en dieselfde dag, en baie dae daarna. Selfs die howe wou omdraai en vir die prediker vra of hy wou . . . sy wou . . . hy die vrou wou dagvaar vir laster van die prediker se naam.

Gesê: "Laat haar gaan."

42 En het julle daardie gewilde stem oor die land gesien? Vinnig het hulle sy naam sleg gemaak, oral, en het die mense gesê, sewentig persent van Amerikaners het gesê: "O, waar daar 'n rokie trek, brand daar 'n vuurtjie." Nou, daardie kosbare broer

sal daaronder gebuk moet gaan vir al sy dae, terwyl hy so onskuldig is soos enigiemand hier. Wel, daar het julle dit.

43 En, ag, hy het my vertel, gesê: "Dit sal baie geld kos om dit te doen." En ek het nie meer as omtrent vyf-en-sewentig dollar gehad nie, en hy wou veertigduisend gehad het, om die prokureurskoste en die regering te betaal.

Ek het gesê: "Wat het ek gedoen?" Ek het huis toe gegaan.

44 Ek het vir Meda, my vrou gesê: "Was die kinders se gesigte, kry hulle klere gereed. Ek sal 'n swerwer wees vir die res van my lewe." Ek het gesê: "Ek sal dit nie doen nie. Dis al wat dit is. As ek dit geskuld het, sou ek dit uitgesweet het om dit te betaal. Maar ek skuld dit nie, en hulle kan nie sê ek skuld dit nie. Hulle kan dit nie bewys nie. Hulle het al vyf jaar gehad om dit te doen, en hulle kan dit steeds nie doen nie."

45 Sy's 'n baie kalm vrou. Sy het 'n rukkie gewag, en sy het haar arm om my skouer kom sit. Sy het gesê: "Nou, wag 'n bietjie." Sy het gesê: "Maar onthou, Bill. As hulle . . . as jy weghardloop, is dit 'n lafaard." En gesê: "Hulle sal dit steeds teen jou hou." En gesê: "Daar's net een ding: om dit te trotseer."

En ek het in die studeerkamer ingegaan en gesê: "Here, wat moet ek doen? Gee vir my 'n Skrif."

Hier is wat na my toe gekom het: Eenkeer het hulle Hom gevra: "Is dit reg vir ons Jode wat vry is, om belasting aan die Keiser te betaal?"

Hy het 'n pennie opgetel en gesê: "Wie se afbeelding is daarop?"

Hy het gesê: "Die Keiser s'n."

Gesê: "Gee dan vir die Keiser wat die Keiser toekom; vir God, wat God toekom."

46 Toe het ek gesien waar Hy eendag vir Petrus gesê het: "Laat ons hulle nie aanstoot gee nie. Jy weet, jy het 'n vishoek in jou sak wat jy die heeltyd ronddra, net herinnering dat jy eenmaal 'n visserman was. Ek het 'n bank daaronder in 'n vis." Julle weet, Hy besit in elk geval alles. So Hy het gesê: "Hulle het net 'n tydjie gelede 'n deposito gemaak. Gaan soontoe en gooi die hoek in, en die eerste vis wat jy uittrek, maak sy mond oop, en die bank sal dit afbetaal. En neem dit soontoe en gee dit vir hulle vir julle en vir My, sodat ons hulle nie aanstoot gee nie."

Ek het gesê: "God, U het nogsteeds visse."

47 Ek weet nie hoe ek dit gaan doen nie, maar broer wat net hier sit, dit het op my noot gegaan. Ek het afgegaan en veertigduisend dollar geleen, met die reëling dat ek dit binne tien jaar sal afbetaal, vierduisend per jaar. Weet nie hoe om dit te doen nie, maar Hy het steeds visse. En ek—ek . . . Hy het . . . Dit behoort alles aan Hom.

48 Ek het huis toe gegaan, en ek het geskryf, na ek die tjek uitgeskryf het, en ek het daarop geskryf: "Ten volle vereffen vir alle agterstallige belasting." En ek het gedink: "Sou die regering dit so aanvaar?" En net voor ek afgekom het hiernatoe, het ek gedink ek beter die bank bel.

En ek het die bank gebel, en die teller het ingegaan en gekyk. Hy het gesê: "Ja, hulle het dit aanvaar, Billy. Jy's vry. Jy's kwytgeskeld."

49 O, goeiste. Iets het oor my gegaan. Ek het in die kamer ingehardloop en my vrou om die nek gegryp. Ek het gesê: "Skat, ek's kwytgeskeld. Ek's vry. Die ou rekening is betaal. Ek kan nou gaan waar ek wil, waarnatoe die Here my ook al lei. Ek's vry. O, wat 'n ding om kwytgeskeld te wees, iets wat ek nie kon help nie."

50 En my sondes was ook iets wat ek nie kon help nie. Ek is gebore met Adam se natuur in my, maar Iemand het my kwytgeskeld. Hulle het die ou rekening uitgevee eendag, en van daardie dag af was ek vry. Ek's so bly.

51 Toe die mens gesondig het, het hy die groot kloof, of kloof, liewer, tussen hom en God oorgesteek. Hy het homself verwyder van God, en daar was geen manier vir hom oor om ooit weer terug te kom nie. Hy was absoluut anderkant die kloof van God met hoegenaamd geen manier terug nie. God, ryk in barmhartigheid, wonderlik in genade, het 'n plaasvervanger vir hom aanvaar, hom 'n plaasvervanger laat maak, 'n dier-offer om sy plek in te neem.

52 Die bloed was die enigste ding wat die prys kon betaal. Daar was niks anders wat die prys kon betaal nie. Niks anders kon *toe* nie, en niks anders het *sedertdien* nie, en niks anders sal *daarna* nie: Bloed en Bloed alleen.

53 God se eerste besluit was om 'n mens te vergewe deur die gestorte bloed, en God kan nie die tweede besluit teen Sy eerste besluit maak nie. As Hy het, dan was Sy eerste besluit verkeerd, en Hy kan nie verkeerd wees en God wees nie. Daarom, het Hy net een weg, en dis die weg van die Bloed. Sy besluite is volmaak en Ewig, omdat Hy God is. En Sy Woord is Ewig, en Sy besluite is Sy Woord, en Dis volmaak. Jy kan niks Daarby voeg of enigiets Daarvan wegneem nie.

54 Van daardie tyd af, was dit God se enigste plek van gemeenskap om die mens te ontmoet. Voor dit, het Hy hom ontmoet in die tuin van Eden. Geen bloed was nodig nie. Maar van daardie tyd af, was Sy besluit om die mens weer te ontmoet, verlos deur die Bloed. Dit was die enigste plek waar gemeenskap deur God plaasgevind het. Dis die enigste plek waar God 'n sondaar kan ontmoet, en ons is almal sondaars van natuur. Dit verg die Bloedoffer om ons weer terug te bring in gemeenskap met Christus, geen ander manier nie, dis absoluut geheel en al.

55 Van Adam af tot nou, het die mens sy eie plaasvervanger probeer maak. Die mens het die heeltyd probeer om dit te doen, van vyeblare tot geleerdheid. Hy het probeer om vir homself 'n plaasvervanger te maak. Adam het uitgedruk wat in die mens was, toe hy probeer het om sy eie pad terug te vind deur vyeblare. Van toe af, het hulle torings gebou, hulle het stede gebou, hulle het afgode gebou, hulle het beskawing gebou, hulle het denominasie gebou, hulle het wetenskaplike bewind gebou, en al hierdie dinge, maar steeds bly dit dieselfde: net Bloed sal God aanvaar.

56 God aanvaar net 'n mens deur gestorte Bloed. Enigste plek van gemeenskap, die enigste pad oor daardie kloof, is nie deur godsdienstige organisasie nie, nie deur afgode nie, nie deur torings nie, nie deur heilige plekke nie, nie deur stede nie, nie deur enigiets anders as die gestorte Bloed nie. En dis die enigste pad terug.

57 Die verkondiging van die kruis, al is dit, verag soos dit is, is God se voorsiende weg vir sondaars om te kom en gemeenskap te hou met God of met mekaar. Reg.

58 Regdeur die jare, het die regverdiges geleef volgens daardie besluit van God. Die regverdiges stry nooit oor enigiets nie. Die regverdiges is gereed om God se besluit te aanvaar. Hy wil nie enigiets vir homself maak nie. Hy is net geïnteresseerd in God, en hy wil by God se besluit bly. En die regverdige lewe daarvolgens, het nog altyd, want dis die manier waarvolgens die regverdige behoort te lewe. Om enigiets daarby te probeer voeg, enigiets daarin in te spuit, sou ongeregtigheid wees, want dit sou teen die program wees wat God vir ons uitgelê het om daarvolgens gemeenskap te hê: is deur die gestorte Bloed.

59 Job, die aartsvader, hoe Job. . . Ek glo die Boek van Job is geskryf voordat Moses nog vir Genesis geskryf het, is sover ek weet, die oudste boek in die Bybel. Job, toe hy die bloed aanvaar het, en hoewel, toe sy bure, en sy lidmate van sy kerk hom probeer veroordeel het, en gesê het hy het in die geheim gesondig, tog het Job geweet dat hy stewig gestaan het, omdat hy gedoen het wat Jehova vereis het gedoen moes word. Hy het geweet dat hy sy offerhande geoffer het met die opregtheid van sy hart.

60 Abraham het ook onder die Bloed aanbid. Israel se enigste plek van ontmoeting met God was onder die gestorte bloed. Dit kon nêrens anders gedoen word nie. Daar gebid is, dank betuig is, of enigiets, was dit onder die gestorte bloed van 'n dier gedoen. Enigste plek waar verlossing kon kom, of ooit in gemeenskap met God ingetrek kon word, is deur die gestorte Bloed.

61 Ek onthou dat ek daaroor gepreek het, een aand, by Oral Roberts se plek. En 'n rabbi, Joodse rabbi, ek het gepreek oor die sewe strepe van die rooi koei, en dit het hom verstom, en hy het gekom, en daaroor kom praat. Let op. Wanneer die sondaar

na die tabernakel toe gekom het, het daardie sewe strepe bloed verteenwoordig dat hy moes weet dat iets gesterf het en voor hom uitgegaan het om die weg te berei.

62 En 'n mens wat ooit gemeenskap met God gaan hê, moet die Bloed van Jesus Christus erken, weet dat Hy gesterf het om 'n voorspraak vir sy sondes te maak, om 'n weg te maak om weer in gemeenskap met God in te gaan. Hy moet dit erken; moet.

63 God het die mens onder die gestorte Bloed ontmoet, en nêrens anders nie. Maak nie saak hoeveel ons probeer om dit te maak: "Wel, ek behoort aan *iets anders*, en *iets anders*" nie, dis. . . dit sal nie werk nie. Dis net die gestorte Bloed, wat God die aanbidder ontmoet.

64 God het, vol barmhartigheid en genade, toe die mens gesondig het, soos ek gesê het, 'n plaasvervanger, 'n dier, geneem. Kom ons verbeel ons net 'n oomblik. Kom ons verbeel ons 'n baie opregte Jood daar in die Ou Testament. Hy besef hy's buite gemeenskap solank as wat daar geen bloed vir hom is nie. Nou, neem hy 'n baie goed uitgesoekte dier uit sy kudde. Dit moet 'n baie goeie dier wees. Dit kan nie 'n besmette dier wees nie, want die priester moet dit eers ondersoek. En dit moet wees, vir die sondoffer, 'n lam sonder gebrek moet bewaar word en ondersoek word, dis 'n sondoffer, soos Jesus beproef was in alle dinge.

65 Maar hierdie priester. . . Wat in die pad afgeloop het, 'n Jood wat sy sondoffer gebring het, sy offer vir sy sonde gebring het, en hy bied dit aan vir sy priester in alle opregtheid. Hy erken hy het gesondig. En hy weet hy's verkeerd. En hy vat hierdie dier, bied dit aan vir die priester. Dan wanneer hy dit doen, lê hy sy hande op die offer. Wat doen hy? Hy verbind homself met sy offer. Julle weet wat ek bedoel? Dan word die bloed gestort, en die man, Jood, kan wegstap en geregverdig voel, omdat Hy Jehova se vereistes nagekom het.

66 En die enigste manier wat die Christen, vandag, ooit korrek van sy sondes vergewe kan word is om na Golgota toe te loop met sy Offer, homself te verbind met Hom, en dan die gestorte Bloed te aanvaar. Daar is nie 'n geloofsbelydenis in die wêreld wat dit kan doen nie. Daar is nie 'n opvoedkundige stelsel in die wêreld wat dit kan doen nie. Daar is nie 'n wetenskaplike weg wat dit kan doen nie. Dit kom net deur die aanvaarding van die gestorte Bloed, sy Plaasvervanger.

67 Nou, gaan hy weg, dis klaar, hy het Jehova se opdrag uitgevoer, so hy gaan daar weg en voel geregverdig, omdat Hy aan Jehova se versoek voldoen het. Hy het gedoen wat Jehova gesê het om te doen. Dan voel hy hy het, deur geloof, het hy God op Sy Woord geneem, en nou, luister nou goed, hy het God op Sy Woord geneem, hy was opreg om te doen wat hy gedoen het, hy het dit in opregtheid gedoen met. . . volgens die Woord, maak nie saak wie vir hom gelag het nie, hy het dit in elk geval gedoen,

omdat dit God se vereiste was, en nou, dit was wonderlik, dat hy geweet het hy was geregverdig. Hy kon so voel omdat hy Jehova se vereistes nagekom het, wat die Woord sou wees, die vereistes nagekom het wat die Woord van God van hom vereis het om te doen vir sy regverdigmaking.

68 Uiteindelik. . . Nou, dit was wonderlik om mee te begin. Maar uiteindelik, het dit 'n familietradisie geword. Ek's seker julle weet wat ek bedoel. Hy het gegaan. . . Die Jood sou sy offerande gaan offer net omdat, wel, die familie dit gedoen het, en wel, dit was 'n tradisie. En wanneer hy nadergeloop het, het hy gesê: "Wag 'n bietjie. Ek glo ek het gesondig. Ek sien. Dis alles reg. Wel, ek sal vir my 'n lam gaan kry, soontoe gaan en. . . "

69 Sien, daar was geen goddelike berou oor sy sonde nie. Dit was net 'n ritueel, net 'n ritualistiese vorm om sy dier te neem vir offerande. Hy het nooit enigiets daaruit gekry nie, want hy het nooit enigiets daarin gesit nie. Tog, het hy die opdrag van God deur Sy Woord gehoorsaam, maar hy het nie in die regte betekenis van Sy Woord gekom nie. Hy het dit gehoorsaam sover dit fundamenteel betref, hy het dit gehoorsaam, maar in opregtheid, het hy dit nie gehoorsaam nie. Daarom, was dit net 'n ritueel, die volg van 'n tradisie.

70 En mag ek hier stop vir 'n oomblik? Sien julle waarteen ek hamer dag-na-dag en aand-na-aand? Dis nie dat ek enigiets teen Metodiste, Baptiste, Presbiteriane, of denominasies het nie. Dis omdat julle besig is om daardie opregtheid te verloor, daardie *iets* wat julle in julle aanbidding behoort te hê. Dit raak nou net 'n familietradisie.

Wanneer ons kerk toe kom, en jy sê: "Glo jy daarin om wedergebore te word?"

"Ja, sekerlik, uh-huh, ja."

"Glo jy in die—die bloed van die. . . "

"O, sekerlik, sekerlik, sekerlik, sekerlik, ek het dit aanvaar."

71 Sien? Daar's niks opreg daaraan nie. Wanneer hy gaan om sy sondoffer te maak en die nagmaal neem, neem hy dit net op enige manier, of hy nou rook, drink, rondloop met iemand anders se vrou, of—of vroue wat op enige manier optree. En hulle gaan neem daardie nagmaal. Wanneer, besef julle dat die Bybel sê: "As 'n mens op onwaardige wyse hierdie vlees eet en hierdie Bloed drink, hy skuldig is aan die liggaam en Bloed van die Here"? Ons het die opregtheid verloor. Daar's iets verkeerd met ons. Ons plegtige fees is nie wat dit was nie.

72 Hierdie mag geskik wees vir hierdie tyd. Daar's *net iets* dat ons nie eers, skaars, kan wakker bly, deur 'n—'n diens nie. En as dit is. . . en dit is nie hier so nie, maar in baie plekke, trek iemand altyd aan my baadjiepant: "Haai, haai, haai. Ons moet so-en-so

maak." Wat is belangriker as die uitgaan van die Woord van God? Dis wat ek van dinge gedink het.

73 Die straatdienste van die verlede, die outydse prediker wat daar gestaan, en preek het tot die bloed en sweet, as't ware, afgeloop het in sy skoene in. Hou vandag 'n straatdiens, dis 'n klomp sang, 'n klomp ander dinge. En broer, iemand probeer lei in gebed, en bid vir die president, en alles, en gaan daardeur vir omtrent 'n uur, die mense het al klaar weggeloop. Die Woord is die hoofsaak, die Woord. Maar ons het die belangstelling verloor. Partymaal . . .

74 Ek waardeer getuienisse. Ek waardeer musiek, en al daardie dinge. Maar dis nie dit nie. Dit verg die verkondiging van die kruis. Dit verg 'n besnydenis van die Gees om lewe te bring. Dis waar ons opregtheid heen is. Dit was 'n tyd wat ons die groot opregtheid opgelet het. Wanneer 'n man weet dat dit verkeerd is vir hierdie dinge om in sy kerk in te sluip, en hulle dan nie daarvan vertel nie? Waar is daardie diepe opregtheid?

'n Prediker het vir my vertel, gesê: "Jy gaan jou bediening verloor."

75 Ek het gesê: "God het vir my hierdie bediening gegee. En as die Woord van God, om Dit te verkondig, my dit laat verloor, dan het ek êrens die boot gemis. God sal Sy Woord eer, Hy wag daarvoor."

76 Nou, die opregtheid. Ons het dit nie. Dit blyk van sulke geringe belang te wees. Dit behoort in die tyd van hierdie jubileum te wees, net nou, na ons weet en seker is van hierdie dinge, behoort dit te wees dat Shreveport sou gons soos 'n kragsaag. Die tronk behoort vol te wees, by die vensters uit te hang, om die Evangelie te verkondig. Die straathoeke behoort vol te wees van mans en vroue wat getuig van die krag van God.

77 Tog, glo ons dit, sê ons. Maar ons het die opregtheid en die entoesiasme verloor wat dit is om Dit te ontvang. Nou, dis die waarheid. Dis presies. En ons sal nooit terugkom voor ons afkom na daardie plek van waardering vir God wat 'n weg vir ons gemaak het, en ons dan daarin geroep het, en dit aan ons bevestig het deur Sy Gees en deur Sy Woord, daardie versekering wat ons het, nie.

78 Wat 'n tragedie is dit nie om die kerke in hierdie toestand te sien nie. Nie dat ek enigiets teen kerke het nie, maar julle sien wat ek bedoel. Nou, geen berou nie, net die ritualistiese vorm.

79 En tog, het Israel die Woord en die gebooie van God gebruik. En die kerke vandag neem die dinge uit die Bybel. Maar daar's geen opregtheid daarmee nie.

80 En toe Israel die Woord en Gebooie van God begin neem het, en 'n ritueel daarvan gemaak het, het dit Jehova, die Gewer Daarvan, nie behaag nie. Dit was omtrent daardie tyd toe hulle

God se Woord 'n ritueel gemaak het, wat daardie magtige profeet Jesaja op die toneel verskyn het. Lees dit, Jesaja 1. Hy is na Israel toe gestuur. Hulle het hom gehaat en hom uiteindelik in stukke opgesaag.

81 Maar wat het hy gedoen? Hy het hulle tereggewys. Hy het gesê: "Julle plegtige feeste het God geweier." Hy het gesê: "Dit het 'n stank in Sy neusgate geword." Wat was dit? Die fees wat God vir hulle verordineer het, die nuwe mane, en die Sabbat, en die offerandes van sondoffers, ensovoorts wat God vir Israel gegee het, hulle het 'n tradisie daarvan gemaak. Dis reg.

82 O, kerk, sien julle wat 'n prediker se hart laat breek? Wanneer die Pinkster wat Hy ons gegee het, ons 'n tradisie daarvan gemaak het. Die opregtheid het vervaag uit die kerk. O, ek sê nie alles daarvan nie, dank God. Was nie toe alles daarvan weg nie, maar die meerderheid. Die opregtheid is weg. Mense kan nie meer daarna luister nie. Hulle wil dit nie hoor nie. Hulle wil liewer iemand kry wat meer afgerond is. Hulle wil dit nie hê nie. Wel, net soos dit toe was, so is dit nou.

83 Maar God het Jesaja vir hulle gestuur, en hy het niks teruggehou nie. En hy het vir hulle vertel wat hulle gedoen het. Lees Jesaja 1, wanneer julle huis toe gaan. Luister na daardie profeet wat dit preek. Hy het vir hulle gesê dit was 'n stank. Met ander woorde, God wou nie hulle stink offerande hê nie, 'n offerande wat hulle . . . Wat het hulle gedoen? Hulle het hulle offerande besoedel. Hulle het dit besoedel, omdat hulle daarmee ingegaan het sonder opregtheid. Hulle het nie enige resultate gekry nie.

Hy het gesê: "Julle tradisies . . . " Deur met hulle tradisies te kom, het die krag uit Sy Gebooie geneem.

84 Nou, vandag, neem ons tradisie die krag uit ons aanbidding, deur ons eie tradisie. En ons sê: "Dit beteken Metodiste en Baptiste." Dis Pinksters. Dis ons almal saam. Julle tradisie het sy krag verloor, nie omdat julle dit nie gedoen het nie. Ja.

85 Hulle sê: "Jesus het gesê: 'Hy wat glo, gedoop word, sal gered word.'" Dis reg. Maar ons het 'n tradisie daarvan gemaak. Hulle stink voor Hom. Julle sien die rede: die aanbidder wat kom, dit doen, hy het dit net as 'n vorm gedoen.

En ons is skuldig daaraan om dieselfde te doen. Ons maak 'n vorm daarvan, tog is dit 'n gebod van God.

86 Soos, net onlangs toe ons bewegings begin het, en God begin het om iets by hulle te voeg, en ons meegevoer geraak het daarmee, 'n tradisie daarvan gemaak het, en dit sy krag verloor het. In plaas van om 'n broederskap saam te wees, het dit broederskap geskei. Julle doen dit partymaal net vir 'n tradisie, sonder die opregtheid daarvan. Julle moet in die fees van God ingaan met opregtheid.

87 Geen werklike opregtheid nie, geen werklike berou vir sondes nie, mense kom op, die altaar, en baie van hulle neem 'n klomp musiek, 'n bietjie dans, handeklap, miskien op-en-af in die paadjie hardloop, en praat miskien net in tale.

88 Nou, ek glo in praat in tale; ek glo in op-en-af hardloop in die paadjies; ek glo in hande klap. Maar as daar nie 'n gevoel daaragter is nie, as daar 'n bietjie opregtheid is dat Jesus Christus jou gereinig het, nie om dit te doen omdat Juffrou Jones dit gedoen het nie, maar dit te doen omdat daar iets in jou is wat klop, die berou oor jou sondes, en die vreugde van die oorwinning dat jy deel in die opstanding van jou offerande, die bewys van jou Ewige sekuriteit. Hoe kan jy nie opreg wees daaroor nie?

89 En ek glo 'n mens kan uitroep en nie gered wees nie. Ek glo hy kan hardloop en nie gered wees nie. Ek glo hy kan in tale praat en nie gered wees nie. Ek glo hy kan enige van hierdie dinge doen en nie gered wees nie. Maar jy kan nie almal klassifiseer wat dit doen, nou nie.

Die ander kant sê: "Daar's glad nie enigiets daaraan nie."

90 Maar daar is iemand opreg daarin. Daar's iemand wat die egte resultate het, omdat hy opreg ingegaan het op grond van sy geloof in die gestorte Bloed. En hy het die regte ding.

91 Maar die ander een dryf net die spot. En daar word te veel gespot, te veel nabootsing, vleeslike nabootsing, vleeslike vergelykings.

92 As jy sou kom om die Heilige Gees te soek, en Hom, die geloof wat jy in Hom het, deug daarby laat voeg, en broederliefde daarby (Twee Petrus 1:7), totdat jy opgebou is in die volle statuur van Christus, dan is die laaste ding liefde, wat God, die Heilige Gees, jou verseël tot by jou bestemming.

93 Jy kan nie naboots nie. Jy kan dit naboots, maar soos ek gisteraand gesê het, dis net soos 'n—'n swartvoël wat pouvere in sy vlerke sit en sê: "Sien, ek is 'n pou." Hy het hulle net bygevoeg, hulle ingedruk. As daar iets aan sy binnekant is, wat hulle laat uitdruk, sou hy regtig 'n pou wees. Sekerlik. Maar party mense probeer iets doen om soos iemand anders te lyk, of iemand anders na te boots, omdat hulle gedink het *hulle* het dit gedoen. En julle sien wat dit doen? Dit bring ons weer terug in 'n ritueel en vorm. Dis die Bloed, die Lewe wat jou lewe elektrifiseer en reinig. Dis reg.

94 Jesaja het dit uitgespel vir hulle en gesê: "God het gesê dat Hy Sy aangesig verberg van julle gebede. Julle het julle ritualistiese vorm, tog is dit die waarheid. Julle doen wat Hy vir julle gesê het, maar julle doen dit nie in opregtheid nie. En julle roep heeldag en nag uit, maar God het gesê: 'Julle offerande is 'n stank vir my, en Ek sal dit nie meer ontvang nie. En wanneer julle bid onder sulke omstandighede, sal Ek My aangesig verberg van julle.'"

O, God, as mense daaraan sou dink, sou dit 'n Pinkster begin.

95 God het gesê al is jy korrek in die Woord, maar as jy dit nie doen met liefde en opregtheid nie, het God gesê Hy sal Sy aangesig verberg, en sou nie jou gebede verhoor nie. Sien? Dis die manier.

96 "O," het julle gesê: "Daardie, jy neem dit onder die Ou Testament, Broer Branham." Goed. Kom ons neem die Nuwe Testament, Twee Timoteüs 3. Die Heilige Gees het ons gewaarsku dat in die laaste dae dat die kerk die opregtheid en die geloof sou versaak. Hulle sou 'n gedaante van godsaligheid hê, maar sou die krag verloën wat saam met die regte ding gaan: "'n gedaante van godsaligheid hê, maar die krag daarvan verloën." Ja, meneer.

97 God haat 'n kragtelose godsdiens. En enige godsdiens vandag wat nie vir Christus daarin het nie, is kragteloos. Maar enige godsdiens waarin Christus is, is onder Sy Eie Bloed, en dit het krag daarin. Jy sê God haat 'n godsdiens sonder krag? Hy het gesê: "Julle plegtige fees is 'n stank." Hmm. Ek reken Hy haat dit tog wel. Hy het gesê: "Dit—dit maak My siek."

98 En onthou, Hy het vir hierdie ryk Laodicese kerk gesê dat "Omdat julle louwarm is, julle, met ander woorde, julle maak My siek, sal Ek julle uit My mond uitspoeg." En ons het by daardie tydperk gekom.

God, stuur vir ons 'n Jesaja om die ding stukkend te kap, dit uit te lê voor die mense: uit te roep; nie te spaar nie.

Dink julle hy sou aanvaar word? Beslis nie. Hmm. Maar hy sou in elk geval uitroep. Plegtige feeste, hulle is 'n stank.

99 God haat kragtelose godsdiens. Dit moet krag in hê. Dit moet opregtheid hê. Opregtheid bring krag. Opregtheid bring ware aanbidding, nie vorms nie, maar egte kragtige aanbidding om te weet dat jy oorgegaan het uit die dood in die Lewe.

100 God wil Sy Woord uitvoer deur Sy krag. En wanneer die kerk Sy krag ontken, hoe kan Hy Sy Woord uitvoer en bevestig, wanneer die kerk dit wegverduidelik en sê dis vir 'n ander dag, en iets, hoe kan God, Wat Sy Woord wil—wil vervul, en Sy Woord wil uitvoer onder die mense, en die mense ontken dat Hy dit doen? Tog, gaan hulle deur al die rituele. Sien?

101 Hier is wat gebeur het: God wil optree deur die Heilige Gees, en Sy Woord bevestig. En die kerk wil optree, hulle moet die Heilige Gees ontken, hulle wil optree om 'n groot organisasie te maak, en wat anders? Om lidmaatskap te bring, maak nie saak wat nie: jy moet sondaars, dronkaards, dranksmokkelaars, enigiets anders doop, en hulle in die kerkliggaam inneem. Geen wonder Openbaring 17 het gesê hierdie ou prostituutvrou, wat 'n klomp dogters gehad het, dat sy vol name was, of, godslasterlike name, kerke, haar dogters, die name van haar dogters genoem het nie.

102 Mense wat by kerke aansluit en dit "het verlossing gekry" noem, dis godslasterlik. Nou, ek weet die Koning James hier het gesê: "name van godslasterlikheid," maar kyk in die Diaglott, en kyk of dit is. Dit sê: "Godslasterlike name." Dis nogal 'n verskil. Sy is vol van daarvan. Sy het negehonderd-en-iets verskillende organisasies in haar, baie godslasterlike name. Weggekom, deur een of ander mensgemaakte tradisie, weggegaan van die ware aanbidding, krag uit die . . .

103 O, sê julle: "Ek het soontoe gegaan, en daar was baie krag. Broer, die hele vloer het gedans in die Gees," en daar was nie genoeg geloof om 'n tandpyn te genees nie. Um-hum, um-hum. Noem julle dit krag? Dis nie krag nie. Dis seëninge. Daar's 'n groot verskil tussen seëninge en krag. Um-hum. God gee Sy seëninge aan die regverdige en onregverdige. Die son skyn en . . . Sien? Ons moet terugkom by waarheid, vriende. Ons moet terugkom na wat God bedoel. Wat Hy sê, bedoel Hy. Sien? En Hy het hulle s'n geweier, eenkeer, Sy aangesig verberg van hulle gebede.

En kyk, vriende. As God nie die oorspronklike boom gespaar het wat dit gedoen het nie, wat van die geënte boom?

104 Ons moet opreg wees. Ons moet hierdie dinge reg doen. God wil optree en die Heilige Gees voortbring om te werk in Sy kerk. Die kerk wil optree en sy geloofsbelydenisse voortbring om lidmate te maak. Dis die verskil.

105 Om die eerste te doen, wil God die Heilige Gees stuur, wat die Leier van die Kerk was; Hy moet dit doen. En die enigste manier wat die mense dit nie kan doen nie, is om Dit te verwerp. En wanneer jy Dit verwerp, neem jy die krag weg uit die werking. So dit los vir jou 'n leë dop. "Die Woord maak dood, die Gees gee lewe." Um-hum. Dis reg.

106 Soos 'n lokomotief wat op die spoor staan, die wa mooi blink gevryf, en welgeklede mense wat daarin sit, en geen stoom in die lokomotief nie. Watter nut het die ding dan in elk geval? Um-hum.

107 'n Paar weke gelede was ek, omtrent agt maande gelede, of 'n bietjie langer, het ek een aand 'n visioen van twee kêrels gesien, een in een kroeg, en een in 'n ander, en wat baklei het met mekaar voor hulle gemeente waarmee hulle gepraat het. Uitendelik, het hulle in New York ontmoet in die middel van 'n straat, 'n gat gegrawe, soort van, daar ingeklim, en een het die ander een doodgemaak. Ek het gesê: "Iemand gaan doodgemaak word." Hulle was gawe, lang, jong manne. Omtrent 'n maand daarna, het daardie twee boksers die wraakgeveg geveg, en een het die ander een doodgemaak.

108 Bo in Colorado gesit 'n paar maande gelede in 'n—'n houthuisie, het ek vir my seun, my vrou gaan sê, my skoondogter, en hulle: "Laaste paar ure het iets gebeur. Ek het 'n jong dame

gesien, 'n pragtige vrou, en sy het soort van dik lippe gehad, gelyk of ek haar iewers gesien het. En sy's—sy het probeer om by 'n dokter te kom, en sy het gesterf. En die Gees wat met my gepraat het, het gesê: 'Nou, hulle sal sê dat sy selfmoord gepleeg het, maar sy het gesterf aan 'n hartaanval.' En gesê: "Dis net 'n bietjie voor vier, maar jy kan sê dit was vieruur,' en die visioen het my verlaat." Ek het hulle vertel: "Wat het dit beteken?" Ek het nie geweet nie. "Iemand gaan sterf."

109 Toe ons twee dae later uit die berge gekom het, daardie filmster (Wat is daardie vrou se naam?), Marilyn Monroe, sy was soort van 'n ontkleër, of, of julle het al haar storie gelees. Sy was 'n buite-egtelike kind. Haar ma is in die inrigting vir kranksinniges. Arme meisietjie het waarskynlik 'n harde tyd gehad. En sy het altyd gehonger na iets. Ek wens ek kon by haar uitgekom het. Ek weet wat sy nodig gehad het. Ek het geweet wat sy nodig gehad het. Tog het sy by kerke aangesluit en alles. Maar sien, dis net 'n ritualistiese vorm. Sy het die aanwending van die Bloed nodig gehad. Sien?

110 Nou ek reken daar is nie 'n seksmaniak in die land wat haar nie geken het en haar foto gehad het nie. Sy was veronderstel om, die mees volmaak geboude vrou te wees, soos ek verstaan, wat daar in die wêreld was. Maar as daardie anatomie so wonderlik is, kyk dan: Toe die lewe uit haar liggaam uitgegaan het, moes hulle haar 'n nommer gee om in 'n kamer te lê. En niemand wou haar liggaam opeis nie.

So wat is die belangrike deel? Die siel of die liggaam? Sien, ons moet opreg wees in hierdie dinge. God vereis dit. Dit moet kom.

111 Let op. Nou, so om die Heilige Gees te verwerp, het hulle die formele kant daarvan aanvaar, wat 'n gedaante van godsaligheid het, maar die krag daarvan verloën. Hulle herhaal allerhande apostoliese geloofsbelydenisse, en alles soos daardie, met baie Woord daarin gemeng, en baie wat nie Woord is nie, en dan gaan hulle, die Woord van God, bedoel ek, en doen dan al hierdie dinge, en tog, gaan dit deur 'n formele, ritualistiese affêre. Daar's geen krag daarin nie. Dis dood. Dis net 'n dop, soos daardie meisie se liggaam. Die lewe het daar uitgegaan, was toe niks meer werd nie. Niemand wou dit hê nie. Die lewe was weg. Sien?

112 Dis die lewe wat iets beteken. Maak nie saak hoeveel jy versamel in hierdie wêreld, aan hoeveel kerke jy behoort nie, wat van daardie siel van jou? Wat van daardie lewe wat in jou is? Is dit reg met God? En dit kan net reg wees deur daardie groot voorbereiding te aanvaar wat God gemaak het om menslike wesens oor daardie kloof te bring na Homself toe. Dis die Bloed van Jesus Christus. Geen geloofsbelydenis sal dit oorbrug nie; geen denominasie sal dit doen nie. Geen geleerdheid, geen

wetenskaplike, nie enigiets anders nie behalwe die Bloed van Jesus Christus is die enigste ding wat dit sal oorbrug.

113 Nou, na Jesaja vir Israel vertel het hulle het hulle plaasvervanger besoedel deur tradisies, en dit aan hulle bewys het, en God hulle gebede verwerp het . . . Jesaja was hulle profeet, hulle voorspeller, want daardie offerhande het net na Israel toe gegaan. Maar daarna, het daar nog 'n groot profeet op die toneel verskyn, en sy naam was Johannes. Ons ken hom as Johannes die Doper. En hy het nie net vir Israel nie, maar vir die hele ras van Adam, gewys na 'n Lam wat die sondes van die wêreld weggeneem het.

Hulle het daardie dag of bedeling besoedel, hulle onopregtheid en formele optrede, God het die ding uitgewis.

114 Toe het Hy 'n ander profeet gestuur om 'n ander tydperk en 'n ander Lam bekend te stel. Dit was die Lam van God vir die hele ras van Adam, wat die sonde van die wêreld wegneem. Daardie Lam was gou vasgespyker aan Sy altaar-kruis. Hy was daarbo vasgeskyper op Golgota. Waarvoor? Die vergifnis van sonde, nie net vir die Jood nie, maar vir wie ook al wil.

115 Die Bloed van Jesus Christus, God se Seun, reinig van alle sonde. Maak nie saak hoeveel geoofsbelydenisse ons opsê nie, dit moet nogsteeds die aangewende Bloed wees om sonde weg te neem. En jy wend dit aan deur geloof in die Woord, deur te glo dat Dit so is; en dan weet dat Hy jou terug antwoord, en jy Hom ken, Hom ken omdat jy Sy Woord gevolg het in opregtheid.

116 Nou, as enige van julle, of enigiemand êrens, ooit die las van sy sonde voel, het ons 'n Lam. Laat ons nie daardie program besoedel nie. Dis die Lam wat die sonde van die wêreld wegneem. Dis die enigste voorsiening wat God het vir sondige mense, wat ek is, en jy is, en sondige vroue, seuns, en dogters, is die Bloed van Jesus Christus.

117 Ons moet opreg na Hom toe kom, en deur geloof ons hande op Sy hoof lê met geloof, en onsself verbind met Hom, jouself nou as dood ag, en daar bly tot die resultate kom, tot die Bloed wat daar op Golgota gestort is, aan jou hart aangewend is. Dan is die las weg. "My laste is weggerol." Dan is jy vry. Hy wie die Seun vrygemaak het, is waarlik vry.

118 Geen wonder ons kan nie dinge hê soos ons moet of—of behoort te hê nie. Ons het nie op daardie opregte manier gekom wat God vir ons voorsien het nie. Jy mag . . . Ons wil dit nie besoedel nie, julle weet. Dit sal nie besoedel word nie. Die ander was ook nie besoedel nie, maar God het dit weggeneem van hulle.

119 Soos 'n storie wat ek hier 'n tyd gelede gelees het. 'n Ou seekaptein op die see, en hy het omtrent sy hele lewe in sonde gelewe. Maar op 'n tyd, het hy van die Bybel en God gehoor. En hy het op sterwe gelê, en hy het gesê: "Is daar een persoon wat met my kan praat oor die Bybel, of is daar een Bybel op my skip?"

Sien, hy het lank gewag, dink daaraan, maar God is vol genade, barmhartigheid.

120 En hulle het ’n seun gekry wat hulle opgelaai het, op die skip, en hy het ’n Bybel gehad. En hy het vir hom gesê, hy het gesê: “Kom in, seun, en kom sit hier langs my bed, en lees vir my daardie Bybel.”

121 En die jong seun het geblaai na Jesaja 53:5, en dit lui as volg: “Ter wille van ons oortredinge is Hy deurboor, ter wille van ons ongeregtigheid is Hy verbrysel: die straf wat vir ons die vrede aanbring, was op Hom; en deur Sy wonde het daar vir ons genesing gekom.”

Die seuntjie het omgedraai, en hy het gesê: “Kaptein, meneer?”

Hy het gesê: “Ja, seun?”

122 Hy het gesê: “Laat ek dit lees soos my mamma dit altyd vir my gelees het.” Gesê: “Ek het vir jou gelees soos dit in die Bybel geskryf is. Maar hier is hoe mamma dit altyd vir my gelees het.”

Gesê: “Gaan voort, seun. Lees dit soos jou moeder dit gelees het.”

123 Gesê: “Mamma het my altyd op haar knie laat sit en gelees: ‘Hy is deurboor ter wille van Willie Pruitt se. . . Ter wille van Willie Pruitt se ongeregtigheid is Hy verbrysel: die straf wat vir Willie Pruitt die vrede aanbring, was op hom; en deur Sy wonde het daar vir Willie Pruitt genesing gekom.”

Ou kaptein het gesê: “Ek wens ek het ’n mamma soos dit gehad.” Gesê: “Miskien kan my naam daarin gelees word.”

124 Klein seuntjie het gesê: “Net ’n oomblik, kaptein.” Hy het gesê: “Laat ek jou naam daarin lees.” Gesê: “Ter wille van John Quartz se verlossing is Hy deurboor (Amen.), Ter wille van John Quartz se ongeregtigheid is Hy verbrysel: die straf wat vir John Quartz die vrede aanbring, was op Hom; en deur Sy wonde het daar vir John Quartz genesing gekom.”

Daar het lig oor die ou kaptein se gesig geflits. Hy het gesê: “Maak toe die Boek, seun. Ek sien dit.”

125 Wanneer jy jou naam daarin kan lees: “Ter wille van William Branham se oortredinge is Hy deurboor, ter wille van William Branham se ongeregtigheid is Hy verbrysel,” dis wanneer daar vrede kom. Nie net dat dit net ’n algemene ding was nie; dit was vir my. Dis ’n individu. Ek was ingesluit daarby. “Deur Sy wonde het daar vir William Branham genesing gekom.” Dan is dit anders.

126 Daar is nog een ding waaroor ek graag wil praat, hier, in ons kwytskelding. En dit is, nadat ons ons kwytskelding ontvang het, ontvang ons reinheid saam met daardie kwytskelding. Nou, as jy net maak asof jy kwytskelding het, het jy nie reinheid nie.

Nou, sê julle: "Kan jy dit bewys, Broer Branham?"

127 Merk hierdie af: Hebreërs die 9de hoofstuk, die 11de tot die 15de vers: "Die aanbidder wat eenmaal gereinig is, het geen bewussyn meer van sonde nie." As jy regtig kwytgeskeld is, het die einste skuldgevoel, die einste begeerte, jou verlaat. Dis alles weg. Reinheid vergesel egte kwytskelding. So as ons aanspraak maak op kwytskelding, en nog nie rein is nie, hoe kan ons aanspraak maak op kwytskelding, wanneer kwytskelding reinheid voortbring. Sien wat ek bedoel?

128 Reinig wat? Jou reinig van wat? Jou reinig van alle verbintenis met formele, dooie, tradisionele werke. Amen. Reinig ons van dooie tradisie. Hoe kan jy steeds in dooie tradisie bly wanneer jy rein is daarvan? Nou, julle lees dit in Hebreërs 9:11. Kyk of dit reg is. Dit reinig ons van die besmetting van dooie, formele werke, wanneer ons kwytgeskeld is deur die Bloed van Jesus, omdat dit die reinigingskrag is wat saamgaan met die kwytskelding. En ons is gereinig van al ons dooie werke.

129 Nou, wanneer ons dit doen, kom ons op die regte manier na die nagmaal. Ons kom na die nagmaal deur Hom te onthou, Hom te onthou, ons Offer. Ons onthou Hom, ons Vrede; ons onthou Hom, ons Reinheid; onthou Hom, ons Reiniging; onthou Hom, wanneer ons kniel by die kruis, nie halfdronk nie, nie lewe in owerspel nie, nie met nyd, haat, en tweedrag nie, maar ons kniel by die kruis deur geloof, aan Sy voete, om Sy kwytskelding te aanvaar. Ons kom in daardie toestand na die nagmaal, in diepe opregtheid. Nie net sê: "Ek behoort te gaan nie." Jy gaan soontoe omdat jy diep opreg is, dis tussen lewe en dood. Ja, meneer. Jy gaan, en onthou nie meer jou tradisies nie, en jy's gereinig van jou sonde.

130 Dis een plek. Wanneer jy daar kniel in opregtheid, Metodiste broer, Baptiste broer, Eenheidbroer, Tweeheidbroer, of Drieheidbroer, as jy daar kniel in opregtheid, is jou tradisies weg. Dis reg. Drie-eenheid, Eenheid, Baptiste, is almal gereinig en is seuns van God. Tradisies en stryery is verby. Jy dink nie meer daaraan nie, want jy is skoon en rein. Sien? Julle is broers. Maak nie saak wat een of ander tradisie gesê het nie: "Moenie enigiets met hulle te doen hê nie." Julle is by dieselfde kruis, dis dieselfde fontein. Julle is bloedbroers. O, goeiste.

131 Dis waarna ek gestreef het. Dis waarvoor ek probeer het. Dit is nie, dat ek enigiets teen Baptiste, Metodiste het nie. Dis die stelsel van daardie dinge wat ons broers geskei hou. Dis 'n tradisie wat hulle die Woord van God geneem het en Dit in 'n tradisie verander het, deur te sê: "Ons glo in die reiniging van die Bloed." En dan 'n man 'n "holy-roller" noem, en dan om niks met hom te doen te hê nie? 'n Broer?

132 Wanneer 'n man na Golgota toe kom aan die voet van die kruis, in herinnering dat Jesus gesterf het om hom te red, en

homself deur geloof daarmee verbind, en hier's 'n broer wat hier staan, kyk jy nie na die aardse merke, kleur, geloofsbelydenis, of niks anders nie. Hy's 'n broer. Ja, meneer. Tradisies en stryery is verby. Julle kan gemeenskap hou.

133 Hier is die manier, en die enigste manier wat jy kwytgeskeld kan word. Die enigste manier waarop jy kan kom, is deur die kruis deur die Bloed. En wanneer jy dit doen, tradisies en dooie werke, is jy gereinig van hulle. Daar was . . .

134 Ek kan nie elkeen 'n Baptis maak nie. As ek 'n Metodis was, kan ek hulle nie almal Metodis maak nie. As ek 'n Pinkster-organisasie-man was, kon ek hulle nie almal Eenheid maak, of kon hulle nie almal Drie-eenheid maak, of Kerk van God, of wat-nog nie. Nee, meneer. Hulle sal dit nie doen nie.

135 Maar hier is een ding, en my geloof om dit te doen, is om alle manne broers te maak deur die gestorte Bloed van Jesus Christus, waar ons almal by dieselfde kruis kan ontmoet, ons Offer kan onthou. God het dit aanvaar, en dit alleen.

136 Dit herinner my aan 'n artikel wat ek nie lank gelede nie gelees het. Ter afsluiting. Daar was 'n man en sy vrou wat sou skei. Hulle het begin stry, baklei, rusie maak met mekaar. Hulle kon net nie klaarkom nie. Hulle kon skaars saamlewe in dieselfde huis. So hulle het besluit om te skei, en hulle het aansoek gedoen vir die egskeiding. Toe het hulle 'n afspraak gemaak dat hulle by die huis sou ontmoet en hulle goed sou verdeel sodat dit nie deur die hof hoef te gaan nie.

137 En hulle het in een kamer ontmoet en verdeel wat in daardie kamer was, die volgende kamer, verdeel wat in daardie kamer was. En uiteindelik, het hulle by 'n plek gekom wat, hulle opgegaan het in die solder en 'n ou trommel afgehaal het. En toe hulle begin het om die klein artikeltjies uit die trommel te haal en dit neer te sit, aan die een of die ander kant, terwyl hulle oorkant na mekaar gekyk het: "Jy kul my nie, ek sal jou dagvaar as jy dit doen." Net soos party Christentradisies maak.

138 En naderhand het hulle op 'n klein wit skoentjie afgekom. En die pappa het dit opgetel, en die moeder het haar hand daarop gesit. Hulle het na mekaar gekyk. Binne 'n paar oomblikke was hulle in mekaar se arms. Wat? 'n Klein dogtertjie wat eenmaal aan hulle behoort het, wat iets was wat hulle in gemeen gehad het. Dit was alles verby; egskeiding was nietig verklaar. Hulle was weer in mekaar se arms. Hulle het iets in gemeen gehad.

139 En wanneer die Baptiste, en die Metodiste, en Eenheid, en Tweeheid, en Drieheid, broers, wanneer ons na die kruis toe kan kom, en iets sien wat ons in gemeen het, dis die Bloed van Jesus Christus wat ons reinig, kan ons ons arms om Hom sit, en Hy om ons, en kan saam gemeenskap hou onder die Bloed van Jesus Christus. Dis die enigste manier wat ek ken. Kom ons bid.

140 Here Jesus, ek het nooit 'n klein skoentjie gevind nie, maar ek het eendag 'n Verlosser gevind, en ek het Hom liefgehad, en Hy het my liefgehad. En waneer ek hierdie tradisies sien uitgaan, wat skynbaar nie die geloof het nie, en mense wegtrek van daardie egte, die fundamentele basis van Christelikheid, gemeenskap deur die Bloed, dan is my hart seer.

141 En ek—ek het hard probeer hierdie jare, Here. Ek begin nou oud word. Maar ek's nie moeg nie. Ek is steeds verlief, Here. Ek het U lief, en ek het my broer lief, omdat U hom ook liefhet. En mag ek bevoorreg wees om te lewe om die dag te sien wat ons almal kan ontmoet rondom die kruis en die stryery dan verby sal wees. Die kaf sal verbrand word, maar die koring sal versamel word in die skuur. Skenk dit, Here.

142 En as daar sommige hierbinne is vanaand, Vader, wat nog nooit hieraan gedink het nie, en miskien vertrou het op 'n geloofsbelydenis, of vertrou het op 'n emosie, maar sien dat deur die einste weerkaatsing van wat binne-in hulle is, op die manier wat hulle lewe, en optree, en doen, hulle die skuldlas voel, mag ek die voorreg hê, Here, vanaand, om hulle na die kruis toe te lei? Skenk dit, Here. Ek wil vir hulle wys waar daar 'n fontein is waar ons almal kan staan. Ek vertrou hulle toe aan U, Here.

143 En terwyl julle julle hoofde gebuig het, voel jy daardie las waarvan jy so graag wil ontslae raak? Bedruk dit—bedruk dit jou in jou binneste? Tog het jy probeer om by die kerk aan te sluit, jy het probeer goed doen, maar jy kon net nie daarvan ontslae raak nie. Steek jou hand op. Ek sal jou nie vra om nader te kom nie.

God seën jou. God seën jou. God seën jou. O, goeiste. God seën jou. God seën julle, regoor die gebou.

144 "Ek voel daardie las, Broer Branham. O, ek—ek het dit probeer wegdans van my af. Ek het dit probeer wegskree van my af. Ek het by die kerk probeer aansluit en dit van my af wegkry. Maar, Broer Branham, dis steeds daar."

145 Kom ons kom nou liefdevol af na Golgota, nie afgaan na 'n organisasie toe nie, nie afgaan na 'n stelsel toe nie, maar kom ons gaan af na Golgota, waar ons albei daar ons hande op die Offer sit. Dan sal ons dinge in gemeen hê.

146 Het julle opgelet in die genesingsrye? Hy het nooit onderskei daartussen of hulle Baptis, Metodis, Presbiteriaan is nie. Hoekom? Ter wille van *hulle* oortredinge is Hy deurboor; deur Sy wonde het daar vir *hulle* genesing gekom. Hy's die Lam wat die sonde van die wêreld wegneem, waarvan ons 'n deel is. Wil julle dit nie nou ontvang terwyl ons bid nie?

147 Hemelse Vader, hierdie klomp hande op, beswaarde harte en beswaarde binneste vanaand van mans, vroue, seuns, en meisies. Hulle het ook 'n klein skoentjie gevind. En hulle weet dat daar iets verkeerd is in hulle lewens. En dis die enigste ding wat dit kan regmaak, is daardie stroom daar van Golgota af.

148 En ons kom nou deur geloof na die gestorte Bloed, en ons lê ons hande op ons bloeiende Offer. Ons voel Sy vlees skeur in onsself. Ons voel die dorings en die spykers. Deur geloof doen ons dit.

149 Ek sien wat Hy gedoen het, en dit was alles vir ons, nie dat Hy moes nie, maar Hy's gewillig om dit te doen. En ter wille van ons oortredinge is Hy deurboor. My naam daarin, Here, saam met elkeen van ons. Ter wille van ons ongeregtigheid is Hy verbrysel. Die straf wat vir ons die vrede aanbring, was op Hom, en deur Sy wonde het daar vir ons genesing gekom. Met blydskap aanvaar ons dit in eerbied vanaand, Here. Ek glo dit. Ek aanvaar dit met eerbied. Ek glo dit.

150 In Jesus' Naam, ontvang hulle, Here, in U Koninkryk. Die Bybel het gesê: "Soveel as wat in Hom geglo het, het Hy die krag gegee om seuns van God te word." So ek—ek glo, Here, dat U dit sal aanvaar, want in die. . . nie in 'n vorm wat ons veronderstel is om in te kom na die altaar en dit te doen nie, maar in opregtheid, glo ons dit, aanvaar ons dit in die—die soewereiniteit van die Woord, in die bande van Sy liefde, in die gemeenskap van Sy genade, aanvaar ons dit, Here. Ek aanvaar dit. Geen ander fontein ken ek nie, niks anders as die Bloed van Jesus.

Red, genees elke gebroke siel, Here. In Jesus' Naam, bid en vertrou ek hulle toe aan U. Amen.

151 Nou, vir julle wat voel dat julle na Golgota toe was, en julle glo hierdie is die waarheid, en julle nog nooit Christendoop gehad het nie, sal die dienste aangaan net binne 'n paar oomblikke op die onderste vloer.

152 Maar dis later as wat ek gedink het dit gaan wees. En tog het ek dit aangehaal, in Jesaja 50, uh, 53:5, dat Hy ter wille van ons oortredinge deurboor is. Glo julle dit? Ter wille van ons ongeregtigheid is Hy verbrysel. Glo julle dit? Die straf wat vir ons die vrede aanbring, waar ons gestraf moes word, maar ons nou vrede het, omdat Hy vir ons gestraf is, en dat ons teregwysing op Hom was. En deur Sy wonde het daar vir ons genesing gekom, fisies genesing.

153 Glo julle dit? Aanvaar julle dit? Glo julle dat Hy dieselfde bly gister, vandag, en tot in ewigheid? Glo julle dat die God wat die Woord geskryf het altyd die Woord volg, Daaroor waghou om Dit te bevestig? Hy hou Dit. Sal julle Dit glo? Kyk dan na Golgota. Waarnatoe julle gekyk het 'n paar minute gelede vir verlossing, kyk na Golgota vir genesing van julle liggaam, en glo.

154 Hier lê op 'n bed, 'n kind. Ek wens dat ek dit kon genees. Ek kan nie. Dis alreeds. Hier sit 'n aantreklike man, jong kêrel, wat in 'n rolstoel sit. Ek wens ek kon hom genees. Ek kan nie. Daar sit 'n dame wat in 'n rolstoel sit. Ek—ek weet nie wat verkeerd

is met hulle nie, maar ek—ek kan dit nie doen nie. Dis alreeds gedoen. Sien?

155 Daar's mense daarbuite met hartprobleme, kankers, wat gaan sterf, as iets nie gedoen word nie. Wens ek kon julle help. Glo julle ek sou? Sou beslis. As ek 'n vyf-en-twintig-sent-stuk kon neem, en dit buite in die straat neersit, en dit om die stad kon stoot met my neus, almal wat vir my lag, julle genees te sien word, sou ek dit doen. God weet dit. Ek sou beslis. Maar ek kan dit nie doen nie, want julle is alreeds. Maar God het my gestuur om julle te wys na die plek waar dit vir julle gedoen is.

Nou, kom in opregtheid daarnatoe. Met opregtheid het die vrou by die put na Jesus gekyk toe Hy gesê het: "Gaan, haal jou man."

Sy het gesê: "Meneer, ek het nie 'n man nie."

Gesê: "Jy het die waarheid gepraat, want jy het vyf gehad. En die een wat jy nou het, is nie joune nie."

Sy het met opregtheid gesê: "Meneer, ek glo dat U 'n profeet is. Nou, ons weet wanneer die Messias kom, dat Hy hierdie dinge gaan doen, ons hierdie dinge gaan wys. Maar Wie is U?"

Hy het gesê: "Ek is Hy." Nie. . . Met die diepste opregtheid het sy dit aanvaar.

156 Die vroutjie met die bloedvloeiing het al haar geld gespandeer. Sy het nie net lukraak soontoe gegaan nie. Sy het al haar geld op dokters gespandeer, en nie een van hulle kon haar help nie. En sy het gekom in opregte geloof, nie net te sê: "Iemand anders het dit gedoen," nie. Sover ons weet, het niemand anders dit nog ooit gedoen nie. Sy het iets begin. Sy het gesê: "Ek glo daardie Man soveel, dat as ek die soom van Sy kleed kon aanraak, ek gesond gemaak sal word."

157 Sy het dit nie net gesê nie; sy het dit geglo. Sy was opreg daaroor. Sonder twyfel het dit haar haar lidmaatskap in die kerk gekos. Dit het haar baie dinge gekos. Maar sy was opreg. Sy was—sy was vasbeslote om dit te doen. En haar opregte aanraking van die soom van Sy kleed, het Hom in Sy spore gestuit. En Hy het omgekyk, gesê: "Wie het My aangeraak?"

Toe Petrus Hom bestraf, gesê het, dat: "Die hele menigte raak aan U."

158 Hy het gesê: "Maar Ek het swak geword. Krag het van My uitgegaan." En Hy het oor die gehoor gekyk tot Hy die vrou gevind het en haar vertel van haar bloedvloeiing. En sy het in haar liggaam gevoel dit het gestop, en sy is van daardie uur af genees.

159 Nou, dis die Een wat Sy Lewe gegee het en gegésel is vir ons genesing. Die prys is alreeds betaal. God het dit aanvaar. Hulle sondes is weg. God het dit aanvaar, ons geregverdig deur Hom op te rig, en bewys Hy het dit aanvaar, nie net Sy dood aan die

kruis nie, maar Sy opstanding, en stuur nou Sy Gees uit, om van Sy Woord te getuig. Hoe kan ons dit betwyfel?

160 As jy siek is, ons Bybel het gesê dat Jesus Christus dieselfde is gister, vandag, en tot in ewigheid. Hy's 'n Hoëpriester wat geraak kan word deur die gevoel van ons swakheid. In hierdie groot oomblik, ek het gely aan siekte, ek's julle medeburger, ek's julle broer, en ek weet wat dit is om siek te wees, en ek weet van 'n plek om na toe te gaan, in daardie geheime plek van geloof om Sy kleed aan te raak. Sê: "Here Jesus, ek kom nou opreg. Ek's opreg hieroor, Here. U ken my hart. U het vir my gesê ek kan U aanraak; U was 'n Hoëpriester. Ek kom om U aan te raak. Laat ek net 'n aanraking kry, Here."

Iets anker terug, gesê: "Jy het dit."

"Dank U, Here. Dank U, Meneer, my Verlosser. Ek glo dit."

Jy moet nooit daardie posisie verlaat nie. Dis joune.

161 Dan as Hy opgestaan het, sou Hy dieselfde ding vandag gedoen het as Hy lewendig was? Glo julle Hy's lewendig? "Omdat Ek lewe, lewe julle ook." Dan is Hy lewendig. Dan, as Hy lewendig is, dan sal Hy dieselfde wees as wat Hy altyd was. Is dit reg? Nou, glo julle.

162 Nou, moenie . . . Nou, ek gaan julle net vertel, kyk vorentoe, na my toe, maar ek bedoel dit nie op soos in . . . Ek bedoel dit soos Petrus en Johannes vir die man by die poort gesê het: "Kyk na ons." Sien? Dit beteken, slaan ag op wat ek sê. Julle glo dat ek julle die waarheid vertel het.

163 Kom ons toets hierdie ding en kyk of dit reg is. "Beproef alle dinge," het die Bybel gesê. Ek kan Hom dit nie laat doen nie, maar Hy het belowe om dit te doen. Dis waar ek dit vashou. Hy het belowe dat Hy dit sou doen. "Die werke wat Ek doen, sal julle ook. Hy wat in My glo . . . " En God weet ek glo dat ek jare terug na Golgota toe was. Ek glo Hy hou Sy Woord, en julle glo dit ook.

164 As ek daardie kind kon genees, sou ek dit gedoen het. Maar ek het julle gesê (Jou kind?) ek kan dit nie genees nie. En as Jesus hier gestaan het met hierdie pak aan, kon Hy ook nie. Hy sou jou vra of jy hierdie Woord vanaand sou glo: "Deur Sy wonde *het* daar vir jou genesing gekom."

Sê: "Ek het nie baie geloof nie, Broer Branham."

165 Het julle Hom hoor sê as jy die geloof van die grootte van 'n mosterdsaad gehad het? 'n Mostertsaad-geloof sal nie 'n wonderwerk verrig nie. Maar as jy daaraan vashou, sal dit jou uitbring. Hmm? Anker dit net. Dis reg.

Die spastiese persoon, as jy sal glo dat God dit sal gesond maak, sal Hy dit doen. Sal jy dit glo? Sal jy dit aanvaar? God, skenk dit.

166 Jy, het 'n gebreekte been in die rug. Ek het jou nog nooit in my lewe gesien nie, maar dis wat verkeerd is. Ek kan jou nie genees nie, maar jy kan nie jou lewe wegsteek nie. Aanvaar jy dit? As Hy geweet het wat verkeerd was met die vrou, as Hy geweet het wat verkeerd was hier en daar, Hy is steeds dieselfde ding. Glo jy dit? Aanvaar jy dit?

167 Wat van jou, dame? met die veelvuldige sklerose. Glo jy dat God jou sal genees daarvan? Nou, jy kan rumatiek of enigiets hê. Jou lewe, kan jy nie wegsteek nie. Jy glo dit, want Hy was ter wille van jou oortredinge deurboor, deur Sy wonde het daar vir jou genesing gekom. Glo jy dit? Dis presies wat Hy gesê het.

168 Man wat hier oorkant in die hoek sit, hy ly aan 'n maagprobleem, het komplikasies daarvan. Hy is nie van hier nie; hy's van Texas. Glo jy dat God jou ken? Ek ken jou nie. Sal dit jou help, as dieselfde God wat kon sê: "Jou naam is Simon"? Mnr. Summons, nou kan jy teruggaan na Texas en gesond word van jou maagprobleem, as jy dit glo.

169 Daar's 'n man wat hier sit, gepla met sinusitis. Ek ken hom nie, het hom nog nooit gesien nie. Hy's van Shreveport. Mnr. Wallace, glo jy? Is dit waar? Steek jou hand op. Jou geloof maak jou gesond, as jy dit sal glo.

170 Dame wat hieragter sit, sy het 'n breuk. Sy het 'n kind by haar wat vertraag is. Ek ken haar nie. Ek het haar nog nooit gesien nie. Maar sy's nie van hier nie. Maar sy glo my en glo die woord wat ek sê. Sy kom van Arkansas, van Hope, Arkansas af. Naar naam is Mev. Jackson. Glo dit, dame? Gaan en word genees.

171 Dit het ver getref, ver agter in die gebou, 'n dame met 'n seuntjie wat nie in die skool kan leer nie. Sy is ook nie van hier nie. Sy's van Mississipi af. Juffrou Stringer, glo met jou hele hart, en die seuntjie sal gesond word. Julle kan glo, gebeur alle dinge.

172 'n Bejaarde vroutjie wat net hier sit, kanker het, sterwend is. Minnie, glo jy jy sal genees word? Glo in die Here. Ek daag jou uit om dit te glo.

Mnr. Grigsby, wat uit die hospitaal uit kom met TB, glo met jou hele hart. Word genees.

Ek het die man nog nooit in my lewe gesien, sover ek weet nie.

173 Wat is dit? Voeg jou naam in. Deur Sy wonde het daar vir ons genesing gekom. Glo julle dit? Dan is dit Sy Teenwoordigheid. Ter wille van ons oortredinge is Hy deurboor. Dan as Hy dit kan doen, bewys dit dat Hy hier is met Sy Woord. Nou, is ons oortredinge in opregtheid vergewe. Ons ongeregtighede is weg. Ons het vrede met God deur ons Here Jesus Christus. Sy wonde genees ons. Hy bewys dit aan ons; ons is vergewe.

Wat doen Hy? Soek daardie opregtheid uit. Hou daardie persoon dop wat geanker is aan die kruis. Besoek hierdie mense, wie dit ook al was.

Ek sien nog een. Hou net aan glo.

174 Laat ek julle iets vra. Glo julle met julle hele hart? Jesus het gesê: "Vir hulle wat geglo het, sal hierdie tekens volg." Hoeveel glo? Lê dan julle hande op mekaar as jy 'n gelowige is. Jy is net soveel Sy kind as wat ek is.

175 Wat is dit? Dis 'n bevestiging dat Hy hier is. O, kan ons nie nou in opregtheid kom, na Sy Woord, na Sy Teenwoordigheid nie? Dis die einste God wat julle sal oordeel op die oordeelsdag.

176 O God, wees genadig vanaand. Ek bid, Hemelse Vader, dat die salige Heilige Gees, die lewende Christus, nie 'n afgod, nie 'n stad, nie 'n tradisie nie, maar 'n lewende Christus wat opgestaan het uit die dood, wat Sy Woord eer wanneer Dit verkondig word in die krag van Sy Bloed, en Sy opstanding.

177 Hierdie is gelowiges. Die laaste opdrag, het U gesê: "Vir hulle wat geglo het, sal hierdie tekens volg. As hulle hulle hande op die siekes lê, sal hulle gesond word." Here Jesus, ek bid saam met hulle. Ek's by die kruis. Hulle is by die kruis. Ons het alles in gemeen. Hier's die Bloed van Jesus Christus. Hier's die Seun van God met ons, wat Self bewys om hier te wees. Ons sit ons hande op Sy bewende liggaam. Ons aanvaar ons genesing.

178 En nou, Satan, beveel ons jou in die Naam van Jesus Christus, kom hier uit en verlaat hierdie mense dat hulle mag gaan en gesond gemaak word deur die krag in die opstanding van Jesus Christus.

179 Ek glo Hom. Kom ons sê dit saam. Ek glo Hom. Ek aanvaar Hom. Nou, sê jou naam. Deur Sy wonde. . . Sê dit saam met my. Deur Sy wonde (nou jou naam) is William Branham genees. Dis verby. Dis volbring. Die God wat die belofte gemaak het, is hier om die belofte te bevestig.

180 Jesus het gesê: "Soos die Vader My gestuur het, so stuur Ek julle." En die God wat Hom gestuur het, was met Hom en in Hom. Hy het gesê: "As Ek nie Sy werke doen nie, moet My nie glo nie." En as Ek nie vir julle die waarheid vertel nie, sal Hy dit nie ondersteun nie. Maar die God wat Sy dissipels uitgestuur het, het hierdie beweging van God in die land ingestuur. Hy is met dit om te bewys dat Hy met dit is. Die einste tekens wat belowe is, bevestig Sy Teenwoordigheid. Ons is in die Teenwoordigheid van Jesus Christus.

181 Ek aanvaar julle genesing. Ek aanvaar dit. Ek gee nie om wat nou gebeur nie. Ek kyk nie daarna nie. Ek kyk na julle geloof wat daar oorkant geanker is, geanker by die kruis, waar julle julle hand op die offer gesit het. Gaan en glo dit. Julle sal moet gesond word.

Ek het Hom lief, ek het Hom lief,
Omdat Hy my eerste liefgehad het

Hou nou jou hand op jou Offer.

En my verlossing gekoop het
Op Gólgota's boom.

Kom ons staan nou.

Ek . . .

Lig nou julle hande en julle harte op.

Ek . . . (Waarvoor het julle Hom lief?) . . . lief (Julle Offer, ons Versoening),
. . . omdat . . . eerste liefgehad . . . (Wat het Hy gekoo- . . . ? Julle totale verlossing nou.)
En my verlossing gekoop het
Op Gólgota's boom.

Ek lief . . . (O, ek kan dit net om een of ander rede nie ophou sing nie.)
. . . omdat . . . my eerste liefgehad het,
En my verlossing gekoop het
Op . . .

182 Wat dink jy daarvan, seuntjie? Glo jy dit? Glo daardie ou maagprobleem gaan jou verlaat? Huh? Knoop in die maag gaan weggaan? Goed. Dit sal.

Ek . . . ek . . .

Goed, jong man.

Here Jesus, skenk die genesing van hierdie mense, en hierdie sakdoeke, in Jesus' Naam . . . ? . . .

Alles AFR62-1124E
(All Things)

Hierdie Boodskap deur Broer William Marrion Branham, oorspronklik gelewer in Engels op Saterdagaand, 24 November 1962, by die Life Tabernakel in Shreveport, Louisiana, V.S.A., is geneem vanaf 'n magnetiese bandopname en onverkort gedruk in Engels. Hierdie Afrikaanse vertaling is gedruk en versprei deur Voice Of God Recordings.

AFRIKAANS

©2021 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

Voice Of God Recordings, South Africa Office
58 Disa Road, Admiral's Park, Gordon's Bay 7140 Western Cape
Republic Of South Africa

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org

Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org